

Hoofstuk 3

3. Resultate en Bespreking : Weidingsparameters

3.1 Inleiding

Die onderskeie weidingskwantiteitsparameters is slegs in jaar 1 (1991) bepaal. Opbrengs, benutting van weiding, droëmateriaalinhoud en struktuur van die weiding is vir beide Molopo en Gayndah oor die twee weidingsperiodes bepaal. Geen metings van blaar tot stingel verhoudings is gedoen nie. Geen data in hierdie hoofstuk is statisties ge-analiseer nie.

3.2.1 Molopo

3.2.1.1 Droëmateriaalbesikbaarheid

Met aanvang van beweiding op 24 Junie 1991 was die totale droëmateriaalopbrengs vir Molopo 9.28 ton/ha. Opbrengs per kamp (2.2 ha) was dus 20.4 ton wat beteken dat daar 1.7 ton droëmateriaal per skaap beskikbaar was. Die droëmateriaalinhoud van die weiding was gemiddeld 50.5%. Na afloop van die ses weke benutting is handsnymonsters geneem en het daar reste van 5.62 ton/ha oftewel 12.4 ton in die kamp oorgebly. Dit gee rofweg 'n benutting van 39.4%. Hierdie benuttingspersentasie en ander benuttingspersentasies in die hoofstuk neem nie die invloed van ander herbivore (hase, kleinwild ensovoorts) of wind in ag nie.

In die laatwinter periode eksperiment wat op 7 Augustus 1991 'n aanvang geneem het, was die totale droëmateriaalopbrengs vir Molopo 12.08 ton/ha. Totale opbrengs vir die kamp was dus 26.7 ton wat 2.2 ton droëmateriaal beskikbaar per dier beteken. Die gemiddelde droëmateriaalinhoud was in hierdie geval 66.0%. Met onttrekking van diere op 18 September 1991 het daar 'n residu van 5.23 ton/ha droëmateriaal oorgebly oftewel 11.5 ton per kamp. Die benutting vir die laat periode het op 56.7% te staan gekom.

3.2.1.2 Struktuur van weiding

Molopo is 'n langer meer regopgroeiende kultivar (Booyens, 1993). Op 24 Junie 1991 was die planthoogte 95 cm en die blaarhoogte 82 cm. In kamp 2 met die laat winter proef het die plante 'n hoogte van 107 cm gehad en die blare was weereens 82cm hoog.

3.2.2 Gayndah

3.2.2.1 Droëmateriaalbeskikbaarheid

Droëmateriaalopbrengs met aanvang van die eerste beweidingsperiode was 7.02 ton/ha en in totaal vir die kamp (2.2 ha) 15.4 ton. Droëmateriaalbeskikbaarheid per skaap was 1.3 ton met 'n droëmateriaalinhoud van 65.4%. Die residu na afloop van die studie het op 3.77 ton/ha te staan gekom met 'n totaal van 8.3 ton droëmateriaal per kamp, wat 'n benutting van 46.3% gee. Weereens moet daar in gedagte gehou word dat die benuttingspersentasie die invloed van wind en ander herbivore insluit.

Tydens aanvang van die laat winter periode was daar slegs 4.05 ton droëmateriaal per hektaar en vir die kamp (2.2 ha) 8.9 ton in totaal beskikbaar. Droëmateriaalopbrengs per skaap was dus 0.74 ton met 'n droëmateriaalinhoud van 88.7%. Die hoër droëmateriaalvlakke kan heel moontlik toegeskryf word aan ryp wat 'n groter impak op Gayndah gehad het as gevolg van die spesifieke groeivorm daarvan. Met onttrekking het daar 1.52 ton droëmateriaal per hektaar en in totaal 3.4 ton in die kamp oorgebly. Die plante was van ongeveer alle blaarmateriaal gestroop en die benutting was 62.5%.

3.2.2.2 Struktuur van weiding

Gayndah is 'n korter meer rankende plant (Bogdan, 1977). In kamp 1 met die vroeë winter proef was die planthoogte 52 cm en die blaarhoogte 45 cm. Met aanvang van die laatwinter proef in kamp 2 het die struktuur soos volg gelyk. Die plant was steeds 52 cm hoog maar die blaarhoogte slegs 35.2 cm.

3.3 Opsomming

In die geval van Molopo was daar tydens beide periodes goeie hergroei en kwantitatiewe opbrengs van staandehooi en genoegsame droëmateriaal was beskikbaar om die aantal

diere te onderhou. Die residu hoeveelheid toon aan dat skape oor die ses weke periode voldoende geleentheid gehad het om te selekteer. Die struktuur van weiding tussen die twee periodes stem redelik ooreen en is in lyn met eienskappe van die regopgroeiende Molopo. Die droëmateriaalinhoud tydens beide periodes was relatief hoog vir 'n staandehooi.

Gayndah se kwantitatiewe produksie tydens periode een was goed en genoegsame droëmateriaal was beskikbaar om die proefdiere te onderhou. Te oordeel aan die residu het weidende diere voldoende geleentheid vir seleksie gehad. Tydens die tweede beweidingsperiode is Gayndah moontlik meer deur ryp beskadig. Die totale droëmateriaalproduksie was aansienlik laer. Dit het gelei tot beperkte seleksie geleentheid in vergelyking met Molopo staandehooi.